

Vrydag 22 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 22:1-19; Matteus 27:32-44

Fokusgedeelte: Matteus 27:33

Jesus is die Koning wat oorwin deur te sterf en uit die dood op te staan

Jesus se kruisdood is die vervulling van die Ou Testament. Psalm 22 beskryf presies wat met Jesus in Matteus 27 gebeur – sy kruisiging, sy klere wat verdeel word deur te loot, die bespotting en die Godverlatenheid.

Bokant sy kop hang die aanklag teen Hom: “Dit is Jesus, die koning van die Jode.” Hierdie aanklag is baie ironies, want dit waarvoor Hy aangekla word, is die waarheid! Hy is die Koning van die Jode, en ook die Koning van die hele heelal.

Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster en gesê: “Jy wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jousef as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af!” Die sondige wêreld glo dat jy jousef moet laat geld. Hulle dink nie dat Jesus kan oorwin deur eers te sterf nie.

Ook vandag is daar mense wat so dink. Hulle wil mense beheer met mag. Hulle wil mense verander met mag. Hulle wil ander red deur eers hulleself te red.

Jesus kon van die kruis afgeklim en die Romeine weggee het. Maar dit sou ons niks gehelp het nie. Ons sou dan nog steeds in die mag van die sonde gewees het. Daar sou net nuwe politieke onderdrukking gekom het. Want politieke onderdrukking, siekte, pyn, hartseer en die dood is alles gevolg van die sonde.

Die oorsaak van al die probleme in hierdie wêreld is die sonde self. Jesus het gekom om die sonde met wortel en tak uit te roei. Om dit te doen, moes Hy verneder word en die straf op die sonde dra. Hy is die Koning wat oorwin het deur te sterf en uit die dood op te staan.

Omdat Jesus oorwin het, kan ons diensbaar wees. Ons het nie nodig om onself te bewys of te laat geld nie. Met die evangelie red en verander God mense, nie met wêreldse mag nie. God het aan ons 'n nuwe lewe gegee – 'n lewe waarin ons die evangelie leef en verkondig. Dit is jou roeping vandag!

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Dr. HM Zwemstra (Heinrich) (Walvisbaai/Swakopmund)